

18 Augustus Matteus 10:26-33, (Teks: 10:29-31; NGB 13)

Moenie twyfel nie, God beskik oor alles en almal

Daar is goeie dinge wat met jou in jou lewe gebeur en daar is slegte dinge wat gebeur. Daar is dinge waaroor jy dink dat jy beheer uitoefen en ander waaraan jy weer niks kan doen nie. Jy kan soms so in beheer van die lewe voel en dan ander kere wanneer jy voel dat jy magteloos uitgelewer is aan iets anders. Wat bepaal die verloop van jou lewe? Dat sommige mense suksesvol is met dinge wat hulle aanpak en ander onsuksesvol is? Dat hartseerdinge met my gebeur en dat dit weer ander kere goed kan gaan? Is ek nie maar oorgelewer aan 'n lot wat soms baie wreed kan wees teenoor my nie? Bemoei God Hom enigsins met wat met my gebeur?

Dit is 'n heerlike versekering wat in die teks bekendgemaak word: Geen mossietjie sal op die grond val sonder die wil van my Vader nie. Selfs die hare op my kop is getel. As Hy, oor sulke eenvoudige dinge met Vaderlike liefde beskik, hoe sal die almagtige Skepper van die heelal nie sorg vir alles en ons almal nie. Met teerheid bestuur en regeer Hy elke oomblik van my lewe ten beste vir my selfs al lyk dit vir my of alles nie sin uitmaak nie. **My Vader weet presies wat Hy met my hele lewe doen. Soos met sy skepping voer Hy alles na 'n heilsame einde.** Daarom gaan ek nie dieper in sy wilsbesluite rondtas as wat 'n sondaar pas nie, want dan gryp ek in die dorings vas.

Sing: Psalm 36:2,3

Ds. R.M. van der Merwe (Louis Trichardt)